



Pastoor Tony en Susan Alamo, orkes en koor op hulle internasionale televisieprogram (foto geneem in 1974)

GEE GOD AAN 'N VROU, WAT DIE SLAGOFFER VAN VERKRAGTING IS, DIE REG OM 'N ABORSIE TE KRY?

deur Tony Alamo

GOD sê: “Kyk, al die siele is MYNE; soos die siel van die vader, so die siel van die seun – hulle is MYNE; die siel wat sondig, dié moet sterwe. Maar as iemand regverdig is en reg en geregtigheid doen; nie eet op die berge [afgode aanbid] en sy oë nie opslaan na die drekgode van die huis van Israel en die vrou van sy naaste nie verontreinig [egbreek pleeg met haar] en nie naby 'n vrou kom as sy onrein is nie, en niemand verdruk nie; wat hy vir skuld as pand geneem het, teruggee; geen roof pleeg nie; aan die wat honger het, sy brood gee en die wat naak is met 'n kleed toedek; nie leen op rente en geen woeker neem nie; sy hand terughou van onreg, eerlike regspraak boef en tussen man en man; in MY insettinge wandel en MY verordeninge onderhou om eerlik te handel – hy is regverdig, hy sal sekerlik lewe, spreek die HERE GOD.

“En het hy 'n geweldenaar van 'n seun verwek wat bloed vergiet en

net maar een van hierdie dinge doen – terwyl hy self dit alles nie gedoen het nie – as hy ook eet op die berge [afgode aanbid] en die vrou van sy naaste verontreinig [egbreek pleeg met haar], die ellendige en behoeftige verdruk, roof pleeg, die pand nie teruggee nie [nie hul tiendes betaal nie] en sy oë opslaan na die drekgode, gruwelike dinge doen, op rente leen en woeker neem – sal hy lewe [vir ewig]? Hy sal nie lewe nie [vir ewig]; al hierdie gruwels het hy gedoen; hy moet sekerlik gedood word; sy bloedschuld is op hom.

“Nou kyk, as hy 'n seun verwek wat al die sondes van sy vader sien wat hy gedoen het – dit sien en sulke dinge nie doen nie: nie eet op die berge [afgode aanbid] en sy oë nie opslaan na die drekgode van die huis van Israel nie, die vrou van sy naaste nie verontreinig [egbreek pleeg met haar] en niemand verdruk nie, geen pand neem en [nie hul tiendes betaal

nie] geen roof pleeg nie, sy brood gee aan die wat honger het, en met 'n kleed toedek die wat naak is, sy hand van die ellendige afhou, geen rente of woeker neem nie, MY verordeninge volbring en in MY insettinge wandel – hy sal nie sterwe weens die ongeregtigheid van sy vader nie, hy sal sekerlik lewe [vir ewig]. Sy vader sal, omdat hy aan verdrukking skuldig is, sy broer iets deur roof ontnem het en onder sy stamgenote gedoen het wat nie goed is nie – kyk, hy sal deur sy ongeregtigheid sterwe [vir ewig].

“Maar julle sê: Waarom dra die seun nie saam die ongeregtigheid van die vader nie? Maar die seun het reg en geregtigheid gedoen en al MY insettinge onderhou en dit volbring – hy sal sekerlik lewe [vir ewig]! Die siel wat sondig, die moet sterwe [vir ewig]; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die gereg-

(Vervolg op bladsy 2)

GEE GOD AAN 'N VROU, WAT DIE SLAGOFFER VAN VERKRAGTING IS, DIE REG OM 'N ABORSIE TE KRY?

(Vervolg vanaf bladsy 1)

tigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees.

“Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al MY insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe [vir ewig], hy sal nie sterwe [vir ewig] nie. Al sy oortredinge wat hy begaan het, sal hom nie toegereken word nie; deur sy geregtigheid wat hy gedoen het, sal hy lewe [vir ewig]. Het Ek dan miskien 'n behae in die dood [vir ewig] van die goddelose? So spreek die HERE GOD: Skep Ek enigins 'n behae daarin dat die goddelose [vir ewig] sterf? Eerder dat hy hom bekeer van sy weë en lewe [vir ewig] nie?” (Esegiël 18:4-23).

GOD sê nie net dat alle siele SYNE is nie, maar in Numeri 16:22 verklaar Moses en Aäron dat HY “die GOD van die geeste van ALLE vlees” is. In Jeremia 32:27 sê GOD: “EK is die HERE, die GOD van ALLE vlees.” GOD het in Jeremia 1:5 vir Jeremia gesê: “Voordat EK jou in die moederskoot gevorm het, het EK jou geken.”

Hoe kan enigiemand die vermetelheid hê om die siel, die gees en die vlees van enige menslike baba te vernietig? 'n Baba wat al bekend was aan GOD nog voordat die baba in die moederskoot gevorm is? Om nie eens te praat van voordat die baba uit die moederskoot gekom het nie, selfs in die geval van verkragting?

Die ware wet is die wet van GOD.¹ Kom ons kyk wat die wet van GOD sê: “As 'n man betrap word terwyl hy met 'n getroude vrou gemeenskap het, moet hulle altwee sterwe [fisiek en geestelik]: die man wat met die vrou gemeenskap gehad het, en die vrou. So moet jy dan die kwaad uit Israel uitroei.

As 'n dogter, 'n jongmeisie, aan 'n man verloof is, en iemand kry haar in die stad en het met haar gemeenskap, dan moet julle hulle twee na die poort van dié stad uitbring en hulle stenig, dat hulle sterwe; die dogter, omdat sy in die stad nie geskreeu het nie, en die man, omdat hy die vrou van sy naaste onteer het. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei. Maar as die man die verloofde dogter in die veld kry en die man haar aangryp en met haar gemeenskap het [haar verkrag], moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, alleen sterwe; maar aan die dogter moet jy niks doen nie: daar is in die dogter geen sonde wat die dood verdien nie; want soos wanneer 'n man teen sy naaste opstaan en hom doodslaan, so is hierdie geval. Want hy het haar in die veld gekry; die verloofde dogter het geskreeu [sy het om hulp geskree want sy wil nie verkrag word nie], maar daar was niemand om haar te help nie [om nie verkrag te word nie]. As 'n man 'n dogter, 'n jongmeisie, kry wat nie verloof is nie, en haar aangryp en met haar gemeenskap het [haar verkrag], en hulle word betrap, dan moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, die vader van die dogter vyftig sikkels silwer gee; en sy moet sy vrou wees, omdat hy haar onteer het; hy mag haar nie verstoot [van haar skei] solank as hy lewe nie” (Deutronomium 22:22-29).

Toe ek hierdie wet die eerste keer sien het ek gedink: “Hoe kan 'n vrou enigins met 'n man wil trou wat haar verkrag het?” Toe dink ek onmiddellik aan daardie dag agt-en-veertig jaar gelede in 'n prokureur se kantoor in Beverly Hills waar ek vir die eerste keer met GOD kennis gemaak het. HY het my beveel om aan die mense in daardie kantoor te sê dat

JESUS CHRISTUS weer terugkeer aarde toe. GOD SE GEES was kragtig in my en ek het met HOM begin redeneer en gesê: “HERE, ek sal hulle môre vertel. Ek sal hulle bel. Ek sal vir hulle telegramme en boodskappe stuur, maar moenie dat ek hulle nou vertel nie.” Die kantoor was vol van my mense en ander mense in die rolprentbedryf. Ek het gedink hulle gaan my na 'n inrigting vir kranksinniges verwys as ek doen wat HY besig was om my aan te sê om te doen en te getuig. GOD het dus begin om my gees, my siel, in en uit my lyf te trek en HY het my so laat weet dat ek net daar en dan sou sterf indien ek nie sê wat HY my aangesê het om te sê nie. Daar sou niks wees wat ek kon doen om HOM te keer om my dood te maak nie. Terselfdertyd het ek gevoel hoe magtig en intelligent HY is en ek het geweet dat niemand HOM kon keer om te doen wat HY wou doen nie. Ek het nooit in GOD of JESUS geglo voordat dít met my gebeur het nie. Ek is beskou as die beste advertensieagent in enige soort onderneming, ook die vermaaklikheidsbedryf. Ek het net daar en dan as advertensieagent bedank en die HERE begin volg. Ek glo vas aan enigiets wat GOD gesê het of sê. As GOD 'n man aansê om met 'n ongetroude vrou, wat hy verkrag het, te trou en haar vir die res van haar lewe te onderhou of die vrou aansê om met die man te trou en toe te laat dat hy haar tot die dag van haar dood onderhou; stel ek voor dat hulle presies dit doen wat GOD hulle beveel het om te doen.

Weereens, toe ek hierdie wet die eerste keer sien, het dit vir 'n oomblik vir my streng gelyk. Noudat ek GOD en SY mag ken, weet ek ook dat HY



ALAMO BEDIENINGE AANLYN
www.alamoministries.com

¹ 1 Efs. 20:3-17, Ps. 111:7-8, 119:89, 152, 160, Spr. 3:1-2, Jes. 40:8, Jer. 23:29, Dan. 7:9-10, Mal. 4:4, Matt. 5:17-19, Mark. 13:31, Rom. 3:31, Jak. 2:8-13, 1 Pet. 1:23-25, Op. 20:12-13

DIE BAAS is. Weet jy wat, vandag se vroue word baie maklik verkrag. Hulle lyk dalk soos engele, maar hulle is nie. Ek het baie van hulle ontmoet wat soos engele lyk, maar ek het uitgevind dat hulle leuenaars en duiwels is.

Indien 'n vrou swanger raak omdat sy verkrag is, mag sy nie 'n aborsie kry nie. Indien sy wel 'n aborsie gekry het, is dit moord met voorbedagte rade en sy sal Hel toe gestuur word daarvoor. In die oorspronklike Hebreeus lui Eksodus 20:13: "Jy mag nie doodslaan nie," en wie ook al moord pleeg, moet doodgemaak word. "Moord" sluit die moord van ongebore babas in. "Hy wat 'n mens slaan, dat hy sterwe, moet sekerlik gedood word" (Eksodus 21:12). Wat gaan met al die moordenaars gebeur? "Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en MOORDENAARS en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood" (Openbaring 21:8). En mense is leuenaars wat sê dat ongebore babas nie mense is nie en nie lewendig is nie. As hierdie babas nie lewendig is nie, hoe kan hulle hul dan vermoor? En waarom moet hulle die babas vermoor as hulle nie lewendig is nie?

Diegene wat babas aborteer, diegene wat aborsies uitvoer en diegene wat selfmoord-bomaanvallers word is almal MOORDENAARS. Julle moet nou bely want oordeel kom vinniger as wat julle dink.

In Eksodus 21:22-25, sien ons die straf vir 'n aborsie deur 'n ongeluk. "En as manne met mekaar veg en 'n swanger vrou so stamp dat haar vrug afgaan, maar daar geen ander letsel is nie, moet hy sekerlik boete betaal, soos die man van die vrou hom dit oplê, en hy moet dit deur skeidsregters gee. Maar is daar 'n letsel, dan moet jy gee LEWE VIR LEWE, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet, brandplek vir brandplek, wond vir wond, kwesplek vir kwesplek." 'n Baba wat in die moeder se baarmoeder groei, is 'n lewe.

In Mattheus 22:31b-32, sê JESUS, "Het julle nie die woord gelees wat tot julle deur GOD gespreek is nie: EK is die GOD van Abraham en die GOD van Isak en die GOD van Jakob? GOD is nie 'n GOD van dooies nie, maar van LEWENDES." Weereens, 'n groeiende baba in die moeder se baarmoeder is LEWENDIG, besig om te groei en GOD is die menslike baba se GOD.²

Afgodsdienaars is bekend daarvoor dat hulle hul eie kinders ver-

moor, tot vandag toe nog. Jeremia 32:35 sê, "En hulle het die hoogtes van Baäl gebou wat in die dal van die seun van Hinnom is, om hulle seuns en hulle dogters vir Molog deur die vuur [moord/aborsie] te laat gaan – iets wat Ek hulle nie beveel het nie en wat in MY hart nie opgekom het nie, dat hulle hierdie gruwel sou bedrywe om Juda te laat sondig."

Twee prostitute het voor Koning Salomo, die wysste man op aarde,³ verskyn met 'n dispuut: "In dié tyd kom daar twee vroue wat hoere was, na die koning, en hulle gaan voor hom staan. En die een vrou sê: Ag, my heer, ek en hierdie vrou woon in een huis, en ek het by haar in die huis gebaar. En op die derde dag na my bevalling het hierdie vrou ook gebaar terwyl ons saam was; niemand anders was by ons in die huis nie, maar net ons twee in die huis.

"En die seun van hierdie vrou het in die nag gesterwe, omdat sy op hom gelê het. Toe staan sy in die middel van die nag op en neem my seun langs my weg terwyl u dienaars slaap; en sy het hom in haar skoot neergelê, maar haar dooie seun in my skoot neergelê. Toe ek die more opstaan om my seun te soog, was hy dood; maar in die more het ek hom goed bekyk, en dit was nie my seun wat ek gebaar het nie! Maar die ander vrou sê: Nee, maar die lewendige is my seun, en die dooie is jou seun. Maar die eerste sê: Nee, maar die dooie is jou seun, en die lewendige is my seun. So het hulle dan voor die koning gestry. Toe dink die koning: Die een sê: Dit is my seun, die lewendige, en jou seun, die dooie, En die ander sê: Nee, maar die dooie is jou seun, en die lewendige my seun. Daarop gee die koning bevel: Bring vir my 'n swaard! En hulle het die swaard voor die koning gebring. En die koning sê: Sny die lewendige kind in twee stukke, en gee die helfte aan die een en die helfte aan die ander.

(Vervolg op bladsy 4)

2 Rig. 13:5, Job 31:15, Jes. 49:5, Jer. 1:5, Luk. 1:15, 39-41

Chile

(Vertaal uit Spaans)

Liewe Pastoor Tony

Wees gegroet in die liefde van die Here Jesus. Ons hoop en weet dat die engelskare jou beskerm en versorg, en moenie vergeet dat jy nie alleen is nie. Jy het God, Sy engele en die kinders van God, wat jou in alles ondersteun.

Broer, ek wil graag 'n groter boks met verskillende literatuur, nuusbriewe en twee groot Bybels en vyf gewone Bybels hê. Al jou materiaal word met God se seën versprei en dit was 'n groot seën vir diegene wat dit ontvang het. Jou werk sal nooit tevergeefs wees nie. God sal jou beloon, daarvan kan jy seker wees.

Jose Barria

Lakeland, Chili

GEE GOD AAN 'N VROU, WAT DIE SLAGOFFER VAN VERKRAGTING IS, DIE REG OM 'N ABORSIE TE KRY?

(Vervolg vanaf bladsy 3)

“Maar die vrou wie se kind die lewendige was, het met die koning gespreek want haar binneste was ontroerd oor haar seun – sy het gesê: Ag my heer, gee haar die lewendige kind en maak hom tog nie dood nie! – terwyl die ander een sê: Hy sal nie myne en ook nie joune wees nie; sny deur! Toe antwoord die koning en sê: Gee haar die lewendige kind en maak hom in geen geval dood nie: sy is die moeder. En die hele Israel het gehoor van die vonnis wat die koning uitgespreek het, en was

bevrees vir die koning; want hulle het gesien dat daar GODDELIKE wysheid in sy binneste was om reg te doen” (1 Konings 3:16-28).

Dit sal 'n goeie ding wees vir die vroue van vandag, wat daarvan hou om klein babatjies te vermoor, om te begin om dieselfde genade te betoon as die barmhartige prostituut wat hierbo genoem is; die een wat gesê het die koning moet die baba spaar! Sy was die ma!

Die akteur Tony Curtis is gevra hoe dit was om Marilyn Monroe te soen. So beeldskoon as wat die meeste

mans gedink het sy is, het Tony Curtis geantwoord: “Dit was soos om Hitler te soen!” Ek het al gehoor dat Marilyn Monroe 'n paar aborsies ondergaan het, dat sy 'n paar babas vermoor het. Dit is waarskynlik waarom Curtis, 'n Jood met die doodskampe van die Tweede Wêreldoorlog waar ses miljoen onskuldige Jode deur Hitler doodgemaak is in gedagte, gedink het dit was soos om Hitler te soen toe hy vir Marilyn Monroe in 'n flik gesoen het. Dit is hoe ek voel oor die vroue van vandag wat in aborsie glo. Dit is moord! Hoe kan enige man een van hulle wil soen?

(Vervolg op bladsy 8)

Kalifornië

Pastoor Tony

Ek wil jou vertel van my pa. My pa het my vandag gebel en ek het hom deur die Sondaar se gebed gelei. My pa het van vreugde gehuil en gesê dat hy hoendervleis gekry het en die Heilige Gees kon aanvoel. Hy was so bly.

Ek gee God alle eer en danksegging vir Sy getrouheid en beloftes, dat as ons Hom getrou dien Hy ons huis sal bewaar. Prys die Here.

Met my aansluiting by die bedieninge het ek geen kontak met my pa gehad nie. Hy was nie betrokke in my lewe nie en ek het geen idee gehad waar hy was of hoe om met hom in aanraking te kom en my getuienis te lewer nie. Ek het vir die Here gevra: “Hoe gaan ek my getuienis vir my pa gee as ek nie enigiets van hom weet of hoe om hom in die hande te kry nie?” Ek het die Here gevra om my die pad te wys.

God het die weg vir my gebaan. My oupa het my pa se adres vir my gegee en ek het in 2012 aan hom 'n brief geskryf. Byna 'n jaar het verby gegaan waarin ek nie 'n antwoord gekry het nie. Ek het geweet my pa wil niks met my te doen hê nie. Hy het my ma gelos toe ek nege jaar oud was en egbreuk gepleeg. Ek en my ouers is in valse leerstellings grootgemaak en ons het geglo ons is gered. Ons het geglo “niemand is volmaak nie” en “een keer gered, altyd gered.”

Ongeveer vyf maande gelede het my pa my by die kerk gebel en gesê dat hy die brief wat ek aan hom geskryf by hom het. Ek het my pa vertel hoe die Here my gered het en dat ek die Here by die Tony Alamo Christelike Bediening dien. Vir die afgelope vyf maande het ek aan my pa getuig en ek het vir hom Evangelieliteratuur gestuur.

Vandag het hy gebel en hy was gereed vir verlossing. Prys die Here! Hy is bly dat ek hier is en die bediening ondersteun. Ek dank die Here dat Hy my pa gered het en hom weer in my lewe ingelaat het, want hy was vir meer as twintig jaar nie in my lewe nie. Dankie Jesus vir hierdie wonderwerk. My pa weet hy is nou gered en dat hy God se geboorte moet nacom.

Prys die Here!

Suzette Brown

Canyon Country, Kalifornië

Zambië

Liewe Pastoor Tony Alamo

Ek groet jou in die wonderlike naam van ons Here Jesus Christus. Mag Hy jou en jou bediening ryklik seën.

Ek het die pakkie ontvang wat jy gestuur het. Baie dankie. Jou wêreldnuusbriewe laat mense hier na Jesus toe kom. Hulle het my selfs laat begin teologie swôt. Asseblief, ek sal graag jou verspreider wil wees sodat ons meer siele vir Jesus kan wen.

Stuur asseblief vir my 'n Bybel en ander nuusbriewe sodat die werk van die Here kan voortgaan.

Jammer oor die slegte nuus wat ek in jou brief gelees het, dat jy deur die regering daar vervolgt is. Ek bid en vas altyd vir jou sodat die Here Jesus Christus, wat vir die kerk gesterf het, altyd met jou sal wees. Toe ek van jou vervolging lees het die trane by my wange afgeloop. Broer, ek moedig jou aan om selfs harder te werk as voor jou vervolging. Dit wys vir ons dat ons in die wêreld leef waar die duiwel is, maar Christene behoort nie aan hierdie wêreld nie. Ons moet die wil van God doen, nie wat die mens wil nie. Ons sal steeds vir jou bid hier in Zambië. Die Here sal altyd met Sy kinders wees tot aan die einde wanneer ons Hom in die wolke sal sien kom om ons te kom haal. Amen.

Die uwe

Rick Makala

Chipata, Zambië

Florida

Liewe Tony Alamo Bedieninge

Ons het sopas teruggekom van 'n besoek aan ons seun wat twee jaar gelede by die bediening aangesluit het. Ek wil 'n boodskap stuur aan al die ongelowiges. Ons was ongelowig teenoor Tony Alamo Bedieninge totdat ons seun aangesluit het en selfs toe was ons nie seker nie. Ons het baie dinge op die internet gelees oor kindermishandeling, tronkstraf en kinderslawerny. Soos ek verstaan het die aantygings in Arkansas plaasgevind. Ons het geen tekens van daardie dinge in Kalifornië gesien nie.

Ons is eks-Katolieke wat in God glo, maar nie in al die leringe van die Katolieke geloof nie.

Ons seun, David, het baie probleme wat ons nie kon verduidelik nie. Hy is

met kliniese depressie gediagnoseer toe hy 'n tiener was. Ons het baie dinge probeer om dit te verlig – medisyne, berading, dieet en oefening. Niks het gehelp nie. Met die jare het hy dieper in depressie verval en sy gewig het die hoogte ingeskiet. Ons het nie gereeld kerk toe gegaan nie en selfs al het ek vir David gevra om saam met ons kerk toe te kom, het hy nie belang gestel nie.

Hy sal vandag vir jou sê dat hy 'n ateiër was. Hy het betrokke geraak by die internet en een ding het tot die volgende gelei. Hy is uit ons huis uit en het troos gevind by sy ouma in Michigan. Toe sy dood is, het David by die Tony Alamo Christelike Bediening uitgekom, danksy Gail Brubach, wat vir David na die kerk toe gebring het.

Ons het elke dag gebed dat David geluk sou vind. Min het ons geweet dit sou met God wees, dieselfde God wat David voorheen nie wou ken nie. Die oomblik toe ons by die kerk van Tony Alamo Christelike Bedieninge instap en ons seun sien, kon ons sien dat daar sedert sy aankoms 'n dramatiese verskil was ten goede. Hy het gewig verloor, sy depressie was weg (ons kon dit onmiddellik sien deur die glimlag op sy gesig en sy nuutgevonde blos) en sy houding teenoor die lewe wat heeltemal verander het. Hy werk nou vir God.

Steeds ongelowig jeens hierdie Christelike bediening (nie jeens God nie), maar ek kon die mag sien wat God oor 'n kind (nou 31, nie meer 'n kind nie) gehad het, wat voorheen glad nie 'n kerkmens was nie, glad nie in die Bybel geglo het nie en om elke hoek en draai teen-kerk was. Terwyl ons die kerkdienste bywoon het ons die mag wat die Bybel by elke persoon inprent begin verstaan. Ons

het die Bybel gelees en liedere gesing wat werklik ons harte oopgemaak het. Dit was die beste vier dae van vrywillige kerk waarby ons ooit was.

Die eerste aand was die liedere so opheffend en die diens so treffend dat ek gered is, weereens dankie aan Gail Brubach. Trane het by my wange afgeloop. Ek het nog nooit so 'n treffende kerkdiens bygewoon nie. Die volgende drie aande wat ons daar kon wees was net so treffend en ons was hartseer toe ons moes gaan. Ons het soveel ongeloflike mense van die kerk ontmoet.

Tony Alamo Christelike Bedieninge het elke aand die deure oopgemaak vir baie haweloses. In Los Angeles word hulle gratis na die kerk vervoer waar 'n pragtige diens gehou word met opheffende musiek. Na die dienste kry die behoeftiges 'n volledige gratis maaltyd. Ek het nooit enige mishandeling gesien nie, net liefde vir die medemens. Hierdie kerk is 'n blink ster. God het hulle hier geplaas vir 'n rede. Dieselfde as die Bybelvers in Matteus 20:27-34:

“En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. En toe hulle uit Jerigo uitgaan, het 'n groot menigte Hom gevolg.

En daar het twee blindes langs die pad gesit; en toe hulle hoor dat Jesus verbygaan, roep hulle uit en sê: Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid! En die skare het hulle bestraf, dat hulle moes stilbly; maar hulle het al harder geroep en gesê: Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid! Toe gaan Jesus staan en roep hulle en sê: wat wil julle hê moet Ek vir julle doen? Hulle antwoord Hom: Here, dat ons oë geopen mag word. En Jesus het innig jammer gevoel vir hulle en hulle oë aangeraak en dadelik het hulle oë gesien en hulle het Hom gevolg.”

Basies is my boodskap – wanneer jy deur God aangeraak word, sal jou oë oopgaan, net soos ons s'n in die kerk geopen is. Dit was 'n betowerende ervaring. Ek hoop ander vind hierdie kerk. Sodra jou oë soos ons s'n oopgaan word, sal jy ook sien. Groete
Sherry en David M. Palmisano
North Port, Florida

Meksiko

(Vertaal uit Spaans)

Ek hoop dit gaan goed met jou en dat jy omring is met mense van hoop. Ek wil jou bedank vir al die korrespondensie en al die literatuur wat jy vir my gestuur het. Dit laat my nadink en voortgaan in my vaste oortuiging om my weg te wysig en my God die Vader te bedank vir al Sy seëninge. Ek hoop dat jy nog steeds al die gelowiges aanmoedig om te verander en voort te gaan op die weg van die waarheid. Hopelik, in die naam van my Here Jesus, sal God jou toelaat om voort te gaan met so 'n titaniese werk en dat jou kerk verder sal voortgaan om 'n ligtoring te wees te midde van die storm.

Alles van die beste van my na jou. Mag God jou versorg en beskerm en jou steeds lei. Moenie ophou om vir ons gevangenes te bid nie en as jy kan, stuur vir ons 'n Bybel sodat ons nie gebrek sal hê nie. Dit is al vir nou.

Mag God jou vir lank met voorspoed seën.

Jose Martin Cortes Murillo
Durango, Meksiko

Pennsilvanië

'n Pastoor van Pennsilvanië het gebel om te sê dat hy vir die eerste keer in 1973 van die kerk gehoor het en dat hy Pastoor Alamo se literatuur gebruik om boodskappe aan sy gemeente te bring. Hy het gesê Pastoor Alamo se literatuur is so diepgaande dat hy ongeveer 30 boodskappe uit een stuk literatuur kan kry. Hy het 25 kopieë van die jongste nuusbriewe gevra, sodat hy nog boodskappe aan sy gemeente kan lewer.

Getuienis van Sally Demoulin

Ek wil begin deur in die eerste plek die Here Jesus Christus te bedank en te prys dat Hy Sy kosbare bloed gestort en aan die kruis gesterf het vir my sondes en die sondes van die wêreld; die grootste geskenk vir ons om ware lewe en ewigheid in die Koninkryk van die Hemel te ontvang.



Suster Sally Demoulin

Die Here het my 28 en 'n half jaar gelede gevind. Ek het nie na God gesoek nie, nog minder het ek geweet dat ek verlore is. Ek is in Brooklyn, New York, gebore en Katoliek grootgemaak. Ek onthou, ek was omtrent 15 of 16 jaar oud toe ons op 'n veerboot op die Hudsonrivier was, besig om net te kyk na al die besienswaardighede. Ons het verby 'n krans gevaar waarop "Jesus Red" met groot wit letters geskryf was. My eerste gedagte was "Red? Red waarvan?" Omdat ek Katoliek grootgemaak is, het ek nooit van verlossing gehoor nie, nog minder dat Jesus gered het.

My ouers was baie streng met my, dus het ek op 18 jaar besluit dat ek oud genoeg was om te doen wat ek wou sonder dat hulle my kon aansê wat ek kon en nie kon doen nie. Ek het my ouerhuis verlaat sodat ek "vry" kon wees, of so het ek gedink. 'n Paar maande later het ek myself getroud bevind; 'n jaar later het ek 'n kind gehad. Net toe ek dink die lewe is goed en ek is gelukkig, het dinge begin versuur; en 'n paar jaar later is ek geskei, 'n enkelma. Dus was ek nou weer "vry" en ek wou dit so hou want ek wou nie op enigiemand steun of van afhanklik wees nie. Ek het gedink ek kon dinge beter alleen doen.

Ek het 'n goeie werk gehad met 'n goeie salaris, 'n lekker huis en ek het geen tekort gehad nie. Ek het seker gemaak dat ek en my kind alles het wat ons moes en wou hê. Ek het net my gang gegaan en geleef soos ek wou. 'n

Ruk later was ek weer in 'n verhouding. 'n Paar jaar later het ek uitgevind dat hierdie man verslaaf was aan heroïen en besig om te steel en te lieg om geld in die hande te kry om sy dwelmgewoonte te onderhou. Ek het al my probleme en gevoelens in my binneste weggesteek. Vir die mense wat my ken, het dit gelyk of dit baie goed gegaan het met

my en dat ek gelukkig was. Ek het egter ellendig en ongelukkig gevoel en wou 'n verandering gehad het, maar ek het nie geweet wat om te doen nie. Dinge het so erg geword dat ek my lewe wou neem. Ek het daaraan gedink om 'n bottel pille te sluk en net dood te gaan. Ek was egter bang vir wat ná die dood sou gebeur en wat met my kinders sou gebeur sonder my. Ek het gaan sit en huil en vir God gevra om my lewe te verander.

Na 'n ruk het ek gedink dat al wat ek nodig het, was om die manier waarop ek dink te verander, so toe begin ek verskillende self-help boeke lees wat beskikbaar was: "Positive Thinking," "Dianetics," "Faith is the Answer". Noem dit, ek het dit gelees. Hoe meer boeke ek egter gelees het, hoe meer verward het ek geword. Daar was geen verandering nie, wat my laat besluit het om terug te gaan kerk toe. Etenstye het ek dus na die St. Patrick Katedraal in New York Stad, baie naby aan my werk, gegaan. Ek sou ingaan, kerse aansteek en kniel om te bid. Ek sou egter daar uitkom en erger voel as toe ek ingegaan het. Ek onthou ek het eendag in daardie "kerk"-gebou ingegaan en ek was radeloos. Terwyl ek sit en rondkyk in daardie enorme gebou, het ek hierdie aaklige draakkoppe bo-op die pilare gesien, iets wat ek in die fliek *The Omen* gesien het. Ek was baie ontsteld en het by myself gedink: "Wat op aarde doen iets so boos in 'n plek wat

veronderstel is om heilig te wees?" Ek het uitgestap en oor die straat gestap sodat ek die buitekant van die gebou van 'n afstand beter kon beskou. Ek sien toe dat dieselfde soort aaklige kreature op die hoeke van die gebou aangebring is. Nodeloos om te sê, ek het daarna nooit weer my voete in daardie gebou of enige ander Katolieke gebou gesit nie.

Een Saterdag daarna, in Februarie 1985, het ek en my kinders gaan inkopies doen. Dit was 'n buitengewoon warm dag. Dit moes yskoud gewees het, maar dit was omtrent 35 grade Celsius, wat my bang gemaak het. Ek het gevoel asof iets vreeslik verkeerd was en dat die wêreld tot 'n einde gaan kom. Ek het dit nie toe geweet nie, maar ek weet nou dat dit die Gees van die Here was wat my dit laat weet het. Ek was vreesbevange.

Twee weke later het 'n paar broers van die Tony en Susan Alamo Christelike Bediening getuienisse gelewer by 'n buitepos in Brooklyn, waar hulle verlore siele gesoek het. Daar is aan my vertel waarom Jesus Sy bloed gestort het en aan die kruis gesterf het; dat daar 'n Hemel en 'n Hel is; dat as ek met sonde op my siel sou sterf, ek vir ewig Hel toe sal gaan en daar geen uitweg nie. In my trots het ek heeltemal van die vrees vergeet wat ek twee weke vantevore gevoel het. Ek het nie gedink dat ek Jesus of God nodig het nie. Ek dank God dat Hy nie hoop met my verloor het nie. 'n Paar weke later het ek myself bevind saam met iemand van die kerk besig om oor die telefoon die ou Sondaarsgebed te sê van belydenis en aanvaarding van die Here Jesus Christus in my hart. Ek het so lig soos 'n veer gevoel, pas nadat ek klaar die gebed gesê het. My sondes is weggewas in die kosbare bloed van Jesus. Ek was heelgemaak, ek het splinternuut gevoel. Ek het 'n vreugde gehad wat ek nie in woorde kan beskryf nie. Ek het vir die eerste keer in my lewe werklik lewendig gevoel en ek het vrede gehad.

Ek het na ons winkelfrontkerk in Brooklyn begin gaan. Ons het dienste gehad, agterna 'n ete en dan het ons Bybellesgroepe gehad. Ek het elke aand gegaan;

ek wou meer leer oor hierdie wonderlike nuwe lewe wat ek in Christus gehad het. Die broers het my aangemoedig om by die bediening in te trek sodat ek by ander Christensusters en -gesinne kon wees en sterk kon groei in die Here. Hulle het my van die pragtige gesinsgerigte geriewe in Arkansas vertel; hulle het gepraat oor die dienste wat hulle twee keer per dag het, die Christelike skool met 'n Christelike kurrikulum, die Olimpiese grootte swembad en speelareas vir die kinders. Dit het alles wonderlik geklink, maar ek wou nie wegtrek van die bekende nie. Ek wou nog steeds in Brooklyn kon bly en net kerk toe gaan. Wel, die Here het ander planne gehad vir my. Dit sou Sy weg wees.

Tydens die naweek van die Nasionale Roudag dieselfde jaar was ons op Coney Eiland besig om Evangelieliteratuur te versprei en aan siele te getuig. Ek moes 'n badkamer besoek en die enigste een op die promenade was aan die ander kant van 'n mosselkroeg. Ek het deur die kroeg na die badkamer geloop en omdat daar 'n probleem met die badkamer was, moes ek in 'n tou wag. Terwyl ek wag, het ek na

die mense in die mosselkroeg gekyk wat besig was om te drink, te dans en aan te gaan en te dink dat hulle 'n lekker tyd het. Skielik het die Here vir my 'n ope visioen gegee: alles het donker geword, daar was vlamme en vuur, die dansende mense het soos donker silhoeëtte gelyk wat net teen mekaar vasstamp. Dit was asof ek in die Hel ingekyk het van buite af, maar ek kon die hitte van die vlamme voel. Dit het net 'n paar oomblikke geduur, maar dit het soos 'n ewigheid gevoel. Toe dit verby was, kon geen woorde die vrees wat ek gevoel het uitdruk nie en die Here het my laat begryp dat ek daarvandaan moes wegtrek en by die bediening intrek. Ek kon nie vinnig genoeg uit Brooklyn wegkom nie. Reëlins is getref en ons het 'n kort rukkie nadat ek by my werk bedank het, by die bediening ingetrek. Ek is sedertdien by die Alamo Christelike Bedieninge.

Met my intrek by die Alamo Christelike Bediening het ek uitgevind dat ons 'n kerk in Los Angeles, Kalifornië, het, waar die bediening aanvanklik begin het en waar honderde duisende siele vir die Here gewen word. Dit was ook opwindend om te hoor van die kerke regoor die wêreld wat 'n gevolg was van mense wat hulle lewens vir die Here gegee het nadat hulle die boodskappe geles het wat God vir Pastoor Alamo gee en wat hy aan die wêreld versprei.

Dit is net die begin van my storie. Daar is so baie wat God in hierdie 28 en 'n half jaar gedoen het. Die beste jare van my lewe. Ek sal dit vir niks in die wêreld verruil nie, want alles wat die wêreld bied, lei na die dood en die Hel, maar alles wat God bied, lei na lewe, oorvloedige lewe en dan 'n ewigheid in die Hemel. Prys die Here!!!!

Sally Demoulin

Nigerië

Tony Alamo, Wêreldpastoor

Ek het deur al die Evangelieliteratuur, boeke en CD's gegaan wat jy vir my gestuur het en agtergekom dat ek dieselfde toekomsblik as jy het. Ek het besluit dat ek jou wil volg, kom wat wil.

Ek is vanaf 1988 getroud met Evangelis (Mev.) Betty Igba. Ons is gesien met twee kinders – Naomi en Joshua. Ons is vir die afgelope 13 jaar in die bediening van die Woord van God aan die verlore. Ek sal baie dankbaar wees as jy dit kan oorweeg om my as een van jou pastore in Afrika aan te stel in jou bediening, Tony Alamo Christelike Kerk. Ek het begin om gebedskrygers bymekaar te kry en op te lei in hierdie toekomsblik. Ek verwag een miljoen lede vir die Tony Alamo Christelike Kerk, Owerri, Nigerië.

Mag God jou oral daar aanvul omdat jy die bediening se lig laat



Ds. Eleazer Igba (met mikrofoon) bring die Evangelie aan skole van Owerri, Imo Staat, Nigerië, met Pastoor Alamo se Heilige Gees-ervulde evangelieliteratuur

aanhou skyn. Moenie hoop verloor nie, want 'n geweens duur dalk vir 'n nag, maar vreugde kom in die oggend. Jou wonderwerke is op pad.

Ek en my vrou Betty het in en om ons stad evangelisasiewerk gedoen met die Tony Alamo Christelike literatuur en siele kom teen 'n ongelooflike spoed na Christus toe. Selfs Rooms Katolieke

en kultuslede kom tot inkeer nadat hulle die literatuur geles het.

Mag die Almagtige God wat jou ophef jou nooit in die steek laat nie, Amen. Moeder Easter Igba sê jy is wonderlik.

Die uwe.

Ds. Eleazer Igba

Owerri, Imo Staat, Nigerië

GEE GOD AAN 'N VROU, WAT DIE SLAGOFFER VAN VERKRAGTING IS, DIE REG OM 'N ABORSIE TE KRY?

(Vervolg vanaf bladsy 4)

Psalms 82:3-4 sê, “Doen reg aan die swakke en die wees; gee aan die ellendige en die arme [die “arme” is die ongebore mense wat as submens geoordeel word] sy reg. Red die swakke en behoeftige, bevry hulle uit die hand van die goddelose mense.” Doen dit en lewe (vir ewig). Bely al jou sondes. Sê hierdie gebed:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.⁴ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.⁵ Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.⁶ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,⁷ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.⁸ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.⁹ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek

gestort het aan die kruis by Golgota.¹⁰ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.¹¹ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet - dit sluit my in.¹² Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.¹³ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.¹⁴

Na redding, het JESUS gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.¹⁵ Bestudeer die King James Bybel deeglik en voer die opdragte uit.¹⁶

Die HERE wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan hê verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting.

Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, “Sal hê mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: ‘Waarvan beroof ons U?’ Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds hê vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [hê tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in hê begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE” (Maleagi 3:8-12).

4 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 5 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 6 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 7 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 8 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 9 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 10 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 11 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 12 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 13 Heb. 11:6 14 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 15 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 16 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christian Ministries Worldwide verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word hê werker in die oes van siele deur hê verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en audioboodsappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief hê kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal.

As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

Kopiereg Desember 2013. 2015 Alle regte voorbehou Wêreldpastoor Tony Alamo © Geregistreer Desember 2013 2015
AFRIKAANS—VOLUME 18700—DOES GOD PERMIT A WOMAN THE RIGHT TO HAVE AN ABORTION IF SHE IS A VICTIM OF RAPE?